Getuienis uit die Gariep Dam

Willie van der Hoven

Daar is tans op menige plek in Suid-Afrika binne NG Kerk-gemeentes gesprekke en vergaderings rondom kerkhereniging aan die gang. Plek-plek word rondgeskarrel en loop die spanning hoog!

Hier in ons gemeente, Springfield/Gariep Dam heers daar 'n stuk rustigheid in dié verband. In hierdie konserwatiewe platteland-se Christen-gemeenskap het God oor baie jare op baie maniere gewerk om ons in gesindheid en daad voor te berei vir die nuwe era in die familie van NG Kerke.

Omdat elke gemeente uniek is in geskiedenis, bevolkingsamestelling en omstandighede, is daar nie 'n model vir kerkeenheid wat oral klinkklaar toegepas kan word nie. Hierdie is dus slegs 'n blye, dankbare getuienis van hoe God by en in ons werk.

Die gemeente Springfontein/Gariep Dam lê in sentraal Suid-Afrika. Die omgewing met sy baie gastehuise én een van die mooiste Aventura-Oorde digby "Lake Gariep", is 'n oornagplek van baie reisigers tussen noord en suid. Hier aan die oewer van die Groot-Oranje by Gariep Dam, het gelowiges vanuit verskillende kulturele agtergronde geleer om saam by die Groot Bron van lewende water te kom drink!

Ja, die simboliek van water het vir ons buitengewone betekenis. 'n Klipgooi van ons kerkgebou af, het die Skepper beskik dat sy skepsels die Oranjerivier sou tem tot 'n lushof vir menigte. Daarom moet ek iets vertel van hierdie wonderwerk.

Die Groot-Oranje het sy oorsprong 3 300 meter bo seespieël by Mont-aux-Sources in die Maluti's. Hier, op die "Dak van Afrika" ontspring hy as 'n murmelende fonteintjie totdat hy 2 200 km verder in die yskoue Weskus-golwe van die Atlantiese Oseaan uitmond.

Met verrassende verskeidenheid in terrein, natuurskoon, flora en fauna, leefwyse van sy oewerbewoners en in geologiese en geografiese data, vleg sy kronkelpad deur berge, laaglande, klowe, valleie, sandduine en golwende heuwels.

Baie jare lank het hierdie onmisbare lewensbron onherroeplik verlore gegaan. Op 4 Maart 1972 is die dam egter ingewy. Dit is die grootste mensgemaakte meer in SA en beslaan 374 km^2, is op sy breedste 8 km wyd, stoot 112 km op, teken 'n kuslyn van 400 km en hou nagenoeg 6 000 miljoen kubieke meter water. Wie weet hoeveel mense en diere drink nie letterlik en figuurlik elke dag van sy lewensbloed nie!

God doen ook wonders in sy kerk by Gariep Dam. Ons het 'n gesindheidsverandering ondergaan onder leiding van die Heilige Gees. Ons hou steeds afsonderlike eredienste vir verskillende kultuurgroepe, maar

Vervolg op bl 12 ➲

kort voor Kersfees al."

Dis nou kort voor Pase en ons drie kerke in KZN het weer saam gekuier. En hier in Lydenstyd kon ons reeds iets van die oorwinning smaak. Ons drie kerke in KZN het net gevoel ons wil mekaar onder geen omstandighede met enige voorwaardes bind nie, en ons wil op elke gebied na mekaar luister. Die gesprek gaan voort. Ons is lief vir mekaar.

Natuurlik sê ons eenheidspad hoegenaamd nie dat ons eenders is nie. En oral is daar klippe in die pad waarby ons moet verbyskuur en gate wat ons moet opvul. Klippe en gate soos:

☞ Belhar-belydenis.
☞ Vrees vir politieke druk en gedienstigheid.
☞ Vrees vir verlies van taal, identiteit, kultuur, eiendom.
☞ Persberigte oor en uitsprake van kerkleiers.

Maar ten spyte van hierdie gate wat opgevul en klippe wat verwyder moet word, buig ons saam gehoorsaam voor sy Woord - sodat dit waarlik en permanent Pinkster sal word in KwaZulu-Natal.

Tong in die kies: Totdat die nuwe kerk besluit op 'n nuwe naam, noem ons dit sommer KZN: "Kerk Zonder Naam"!

Pieter Raath

Van bl 10

Getuies uit die Gariep Dam

swart, wit en bruin Christene wat Afrikaans praat, aanbid in groter getalle elke Sondag saam. So wend ons die kerk se middele en energie meer doeltreffend aan.

'n Besondere gebeurtenis het vier jaar gelede plaasgevind toe 200 lidmate van die VG Kerk hulle lidmaatskap opgesê het en by die NG Kerk om lidmaatskap aansoek gedoen het. Die proses was nie maklik of sonder probleme nie, maar vandag pluk ons die vrugte daarvan. Ons is één gemeente met één kerkraad. Ons leer van mekaar en verryk mekaar. Ons les ons dors by dieselfde bron, in een gemeente, by een Hemelse Vader.

Ons wil slegs kerk wees en nie 'n voertuig vir Afrikaner-politiek nie. Ons het baie foute gemaak. Ons bely dit. Die NG Kerk hier begin sy geloofwaardigheid herwin. Ons swaai nie meer die septer nie, ons dien in liefde en selfverloëning. Ons is 'n kerk vir alle mense. Vir ons is kerkvereniging nie 'n *issue* nie. Dit is 'n opdrag. Die proses is aan die gang.

God gee die NG Kerk met al sy foute van die verlede weer 'n kans in hierdie land. Is dit nie 'n wonderwerk nie! God het die mag om die NG Kerk te tem en om struikelblokke uit die weg te ruim. Ons moet hierdie geleentheid met albei hande aangryp. Ons kan die kerk aan die suidpunt van Afrika wees wat God oorspronklik vir ons bedoel het om te wees.

Dan sal elke gemeente in ons kerk weer 'n plek word waar alle mense hulle dors kan gaan les en gesond kan word, soos Openbaring 22:1-2 vertel van die kerk in die hemel:

"Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies."

Willie van der Hoven